# Gebedsbulletin
# No. 11 van 2025

## 16 Maart 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# God is nie in die onderhandelingsbedryf nie

Op 2 Julie 1505 was Martin Luther na die Duitse stad Erfurt onderweg. Toe beland hy in 'n groot donderstorm. Hy het vir sy lewe gevrees. Daar en dan het Luther 'n gelofte gemaak dat as God sy lewe spaar, sal hy 'n monnik word. Sulke tipe onderhandelings met God is so oud soos die berge. "As U dit of dat vir my doen, sal ek die volgende terugdoen …" Kom ons wees eerlik: die meeste van ons het dit ook al gedoen. Toe ons in die moeilikheid was, was ons bereid om enigiets aan God te beloof in ruil vir Sy hulp.

Kan ons God regtig by sulke onderhandelings betrek? Nee, want ons het niks in ons hand waarmee ons met Hom kan onderhandel nie. Dit is die fout, wat die Fariseër in Jesus se gelykenis in Lukas 18:9-14 gemaak het. Hy het gedink hy kan God met sy voortreflike godsdienstige dade beïndruk. Maar hy was verkeerd, want God het niks in ruil van hom nodig gehad nie. God is nie in die onderhandelingsbedryf nie. Ons onderhandel onsself nooit in Sy hart in nie. Ons leef onsself nooit goed genoeg om vir Hom aanvaarbaar te wees nie. Die Here se goedheid is onvoorwaardelik. Hy het ons eerste en altyd lief. Sy gratis genade begin by sondaars, stukkendes, vyande en kie, wat niks hiervan verdien nie. Die Here help ons uit genade. Hy verhoor ons gebede uit die goedheid van Sy hart. Genadiglik het Luther dit ook ontdek en lewenslank hierdie onverdiende genade gepreek en voorgeleef.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Danie Theron
Carin Wilsenach
Anna Chandler
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Elma Swart
Wikus Holtzhausen
Jan Viljoen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Karen Meyer

Theo Prinsloo
Sunel van Sittert
Juanita Rossouw

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk


-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN










*__Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .__*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**